

6 Desember

God gee en jy gee

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:1-15**  
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:5**

Die gelowiges in Jerusalem kry finansiëel swaar, en Paulus spoor die gemeente in Korinte aan om vir hulle geld in te samel om hulle te help. Hy gee 'n paar feite vir hulle deur om hulle aan te spoor om te gee.

God vra nie van jou om vir ander in hulle nood – stoflike en godsdienstige – te gee voordat Hy nie eers Self vir jou in jou nood gegee het nie. Hy gee vir jou

- sy Seun Jesus as offer aan die kruis én waar Hy met 'n verheerlikte liggaam die dood oorwin het
- die vergifnis van al jou sondes wanneer jy in hierdie Jesus glo
- sy Heilige Gees, én geloof en liefde in jou hart
- die ewige lewe
- 'n menigte stoflike gawes
- soveel dat jy uiteindelik niks kortkom nie – nie tydelik nie, ook nie ewig nie
- net die beste
- oorvloed (vs 8).

Nadat Hy gegee het, vra Hy ook. Jy moet, uit dankbaarheid vir alles wat Hy vir jou gegee het, nou ook gee. Gee volop (vs 6). Gee met 'n blymoedige hart (vs 7). Wees vrygewig (vs 11). Wat jy gee, moet 'n offer wees en nie 'n aalmoes nie, nie oorskiet nie, nie iets wat afgepers is nie (vs 5).

Soos wat God vir jou net die beste gegee het – en steeds gee (Rom 8:26) – so moet jy vandag ook net die beste gee van jou krag en tyd en goed – ook vir dié wat nie het nie. So eer jy God (vs 13). Wat en met watter gesindheid jy gee, sê wie jy is.

*Sing: Psalm 78:10 (1936-beryming)*

*Dr. André Grové (Klerksdorp-Noord)*